

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

11.1

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Sondagsrivier

Titel van Projek: Despatch se Interkerklike Omgeegroep vir Bediening aan Bejaardes

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Marelene van Rooyen
Posadres:	Van der Waltstraat 5, Despatch
E-pos:	bothasrus@telkomsa.net
Faks:	
Tel. (k):	041 933 3888
Tel (h):	041 933 1968
Selfoon:	083 412 8193

	26/08/2020
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) AHG Kötter, in my
 hoedanigheid as voorsitter / skrywer van die Ring van Sondagsrivier, dat hierdie projek
 op 30/9/2020 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	30/9/2020
Handtekening Voorsitter / Skrywer	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die Despatch se Interkerklike Omgeegroep lewer 'n liefdesdiens aan die gemeenskap van Despatch en fokus veral op die bejaardes en die ander minderbevoorregte inwoners van die Tuishuise. Daar is tans sewe (7) Tuishuise in Despatch met 'n geraamde inwonertal van plus minus 185 mense wat ons tans bedien.

Die meeste van die inwoners is uiters hulpbehoewend en het behalwe vir hul maatskaplike pensioengeld, geen ander bron van inkomste nie. Items soos alle toiletware en eetgoed word aan die inwoners uitgedeel soos omstandighede dit toelaat. Jaarliks tydens die Kersseisoen word geskenkpakkies opgemaak en aan die plus minus 185 inwoners asook die plus minus 22 personeellede uitgedeel. Gedurende die jaar word gepoog om met hul verjaarsdae, 'n klein geskenkpakkie aan elk van die inwoners en personeellede te gee.

Een keer per maand word die inwoners en personeel van die Tuishuise bederf met 'n "bederfpakkie" wat ietsie soet en sout insluit om te nuttig saam met hulle tee.

Op geestelike gebied word gereelde bidure, besoeke en ander vorme van ondersteuning gereël en/of aangebied. Waar moontlik word vervoer na en van die kerk ook aangebied. Gedurende 2020 se lockdown tyd vanaf Maart tot hede was dit egter nie moontlik om hierdie mense te bereik vir geestelike werk en bidure nie. Dit is regtig die omgeegroep se geesgeïnspireerde passie om ons bejaardes en minderbevoorregte inwoners van hierdie Tuishuise se haglike omstandighede weens hul persoonlike finansiële situasie te verlig.

Beskikbare fondse is en bly egter 'n baie groot probleem.

Elke jaar is ons inkomste onvoldoende om regtig in al die behoeftes van die inwoners van die Tuishuise op Despatch te voorsien.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die inwoners en personeel van die Tuishuise op Despatch sal, en vind reeds, ongetwyfeld baat by hierdie projek. Ons glo dat dit ook 'n Goddelike opdrag is om uit te reik, en om te sien na die armes en bejaardes.

Die onderskeie gemeentes; asook die Ring van Sondagsrivier sal ook baat vind by die projek, aangesien hierdie 'n goed georganiseerde en diensbare uitreik is na mense wie se persoonlike omstandighede hulle baie maklik op geestelike sowel as materiële vlak baie negatief en afvallig kan maak.

Tydens hierdie uitreike word daar ook gereeld geestelike gesprekke met die inwoners en personeel gevoer en word daar ook afsonderlik vir persone gebid wat 'n spesiale behoefte het.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Deurlopend	Deurlopend

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Marelene van Rooyen	Bothasrus
Pieter Becker	Bothasrus

Petro Els	Bothasrus
Mariska Strydom	Bothasrus
Johanna Steyn	Despatch Suid
Julia de Lange	Eendrag
Rachel Benecke	Retief
	Bothasrus

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Toiletware vir Mans en Dames Kouse en sakdoeke vir mans	Soos beskikbaar
Toiletpapier (baie groot behoefte) Sjampoe	
Onderarm sproei Roompies	
Waslappes, seep, ens.	Soos Beschikbaar
Eetware soos lekkergoed, 2 minute noodles, skyfies, kits soppoeiers, koekies en beskuit.	Soos beskikbaar

Ons benodig tans items om ongeveer 185 mense te bedien.

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die omgegroepe is totaal afhanklik van skenkings en/of donasies om benodighede aan te koop vir die opmaak van die geskenkpakkies. Items wat onder andere aangekoop moet word is: (Sien bo by 8.2 toerusting). Ons het huidige items nodig om ongeveer 185 mense te bedien.

Verlede jaar (2019) is ongeveer R31 623.60 bestee aan die aankope van benodighede om in die steeds groeiende behoefte te voorsien. Afskrifte van al die kwitansies/aankoopstrookies t.o.v die bedrag is reeds aan die Ring van Sondagsrivier oorhandig.

Ons ontvang op 'n baie ongereguleerde basis soms skenkings en/of ander bydraes van donateurs en ander bronne. Vanweë die huidige ekonomiese situasie in ons land is hierdie skenkings/bydraes besig om drasties te verminder. As gevolg van die Covid pandemie en lockdown wat veroorsaak dat mense hulle werke verloor of korttyd werk en kleiner salarisse ontvang droog donasies ook op en raak dit al moeiliker om donateurs te kry.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Ring	R3 000
Ander totaal afhanklik van donasies	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	
TOTAAL:	

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R10 000
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R10 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Fondse benodig begin van Oktober sodat nodige aankope gedoen kan word.	
Pakkies word uitgedeel in die laaste week van November.	

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetaling gemaak word?
ACVV Despatch (Despatch Omgeegroep)

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die Ekonomiese situasie in ons land veroorsaak dat al hoe meer mense net nie meer kop bo water kan hou nie. Armoede neem by die dag toe. Dit is veral die bejaardes en inwoners van die Tuishuise wat dringende hulpverlening nodig het.

Die styging in BTW en die voordurende verhogings in pryse van kos, toiletware en persoonlike higiëniese middels, maak dat die nood net groter en groter word.

Tydens besoeke aan hierdie Tuishuise ervaar 'n mens die nood persoonlik veral t.o.v die bedlêende bejaardes wat nie eens kan bekostig om doeke aan te koop nie. Ons probeer ook vir van die bejaardes van klere en beddegoed te voorsien waar moontlik.

Ons wil 'n baie ernstige beroep op die Ring van Sondagsrivier doen om dit ernstig te oorweeg om die Ringsprojek bydrae vir 2020/2021 te verhoog aangesien hierdie 'n nood is wat net toeneem. Al hoe

meer mense word in Tuishuise versorg aangesien hulle nie meer kan oorleef op hulle eie nie.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf

